Graad 4 | Laerskool Herbert Hurd

Junie 2019 | Afrikaans Eerste Addisionele Taal | Totaal: 45 punte

---

AFDELING A: WEES 'N SOLDAAT TEEN BOELIES

Lees die storie goed deur. Beantwoord al die vrae.

Cameron was oppad na sy eerste dag terug by die skool na 'n lekker lang vakansie. Sy skool se naam is Laerskool Sonskyn. Hy het gehoor die klas kry 'n nuwe leerder en hy gaan langs Cameron sit. Cameron was bietjie bang en skaam om die nuwe seun te ontmoet. Hy het nie regtig baie maats nie en die ander kinders is nie altyd vriendelik teenoor hom nie. Mev. Pieterse, Cameron se klas onderwyseres, het die nuwe seun aan die klas voorgestel. Sy naam was Jason Vermaak. Cameron hou baie van sy juffrou. Tydens pouse het Cameron na Jason gegaan en gevra of hy sy eerste dag by sy nuwe skool geniet. Jason het opgekyk na Cameron en hom weggejaag en gesê hy moet hom uitlos. Cameron was geskok, hy wou maar net Jason se eerste dag bietjie beter maak. Die volgende dag toe Cameron in die klas in stap steek Jason sy voet uit en arme Cameron val en die hele klas begin lag. Hy het opgestaan en vinnig uit die klas uit gehardloop in trane. Van daardie dag af het Jason elke dag iets gedoen om Cameron te laat seer kry of sleg te laat voel. Cameron wou later nie eers meer skool toe gaan nie, hy was te bang. Hy het begin maak of hy siek is, maar Cameron se ma en pa was baie bekommerd en kon nie verstaan hoekom hy heeltyd siek voel nie. Cameron het toe besluit om sy ouers te vertel dat Jason hom boelie. Sy ouers het die volgende dag skool toe gegaan en Jason en sy ouers was ingeroep na die skoolhoof se kantoor. Dit was die laaste keer dat Jason vir Cameron geboelie het!

WOORDESKAT

Voorgestel – introduce

Pouse – break time

Weggejaag – chased away

Geskok – shocked

Trane – tears

Bekommerd - worried

Ouers - parents

Skoolhoof – principal

Kantoor – office

Ontmoet - meet



Beantwoord die volgende vrae in volsinne.

1. Wie is die hoofkarakters in die storie? (2)

2. Wat is Cameron se skool se naam? (1)

3. Wie is Mev. Pieterse? (1)

4. Wat is die naam van die nuwe leerder in Cameron se klas? (2)

5. Noem 2 maniere hoe Jason vir Cameron geboelie het. (2)

6. Skryf die volgende sin in die verlede tyd. *"Cameron hou baie van sy juffrou."* (2)

7. Hoe het jy gevoel toe jy die storie gelees het? (1)

8. Dink jy dit was 'n goeie idee vir Cameron om sy ouers te vertel? Ja of Nee. (1)

9. Hoe voel jy oor boelies? (1)

10. Hoekom dink jy boelie kinders mekaar? (1)

11. Watter raad sou jy vir Cameron gee om hom te help? (1)

Skryf net die woord neer.

12. Skryf 'n woord uit die storie wat 'n sinoniem (dieselfde betekenis) vir bevrees is. (1)

13. Skryf 'n woord uit die storie wat 'n antoniem (woord met die teenoorgestelde betekenis) vir stadig is. (1)

Skryf die sin in die regte orde.

14. Cameron was 'n seun gewees baie vriendelike (1)

Sê of die volgende sinne waar of onwaar is:

15. Cameron het baie maats gehad. (1)

16. Cameron het gemaak of hy heeltyd siek is. (1)

[20]

AFDELING B: GEDIG



Lees die gedig en beantwoord al die vrae.

WAT IS 'N BOELIE?

Baklei met ander kinders.

Onvriendelik en ongeskik teenoor ander.

Enigste een wat daarvan hou om ander seer te maak.

Lag vir ander kinders.

In sy hart het hy iets wat hom pla.

Eendag sal hy besef wat hy doen is verkeerd.

Sal nooit wen nie!

WOORDESKAT

Baklei – fight

Ongeskik – rude

Onvriendelik – unfriendly

Teenoor - towards

1. Skryf 'n woord neer uit die gedig wat rym met "smaak". (1)
2. Waaroor gaan die gedig? (1)
3. Skryf enige 2 eienskappe uit die gedig neer wat 'n boelie beskryf. (2)
4. Skryf die meervoud van die woord "kind" neer. (1)
5. Skryf 'n woord uit die gedig wat 'n antoniem (woord met die teenoorgestelde betekenis) vir die volgende woorde is:
   a. altyd
   b. niks (2)

6. Skryf 'n woord neer uit die gedig wat die teenoorgestelde betekenis het as verloor. (1)

7. Skryf die volgende sin in die Verlede Tyd. *"Boelies baklei met ander kinders."* (2)

[10]

AFDELING C: TAALSTUDIE

Vul die nodige leestekens in:

1. ons moet nee se vir boelies. (1)
2. herbert hurd hou nie van boelie steel en lelik wees nie (1)

Gee die teenoorgestelde van die woorde in hakkies.

3. My skool se deure is (oop) vir boelies. (1)
4. Daar is (baie) kinders in my klas wat nie hou van boelies nie. (1)

Watter geluide maak die volgende diere:

5. koei (1)
6. olifant (1)

Vul die regte voorsetsels in.

7. Die bus vertrek vanmiddag _____ vier-uur _____ Bloemfontein. (2)
8. As ons _____ die venster uitkyk, sien ons die mooi natuur. (1)

Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woorde.

9. Kamer 34 se leerders skree <u>baie hard.</u> (1)
10. Die skool se swembad is altyd <u>baie skoon</u> op 'n Maandag. (1)

Skryf die meervoud van die volgende woorde neer.

11. boom (1)
12. hemp (1)

Skryf die verkleinwoord van die volgende woorde neer.

13. handskoen (1)
14. draagbaar (1)

[15]

Totaal: 45 punte